# BASTILLE SE SKOTE HET VER GETREK . . .

## Denke van die Verligting het ook na SA uitgekring

Leopold Scholtz

(Rapport: 16 Julie 1989)

Toe die woedende, histeriese menigte die Bastille bestorm op 14 Julie 1789 – Vrydag presies twee eeue gelede – was hulle nie bedag op die plek wat hulle in die geskiedenisboeke vir hulself verewig het nie. Dit kon hulle ook nie veel skeel wat die res van die wêreld daarvan sou dink nie. Tog sou die skote van dié dag en daarna wyd oor die aardbol weerklink – tot in die verre Suid-Afrika.

Ja, die Franse Revolusie het ook op die Suid-Afrikaanse geskiedenis en op die Afrikaner se politieke denke invloed gehad. Die Duitse reisiger, Henry Lichtenstein, wat 'n paar jaar later 'n waardevolle ooggetuieverslag van die opstande in Swellendam en Graaff-Reinet geskryf het, het byvoorbeeld vertel hoe sommige van die rebelse burgers openlik die wit-rooi-blou kokarde van die Franse Revolusionêre gedra het.

Wesenlik moet 'n mens die saak wel ietwat wyer sien: die Verligting, die denkrigting wat in baie opsigte aanleiding tot die Revolusie gegee het, het ook tot hier by ons uitgekring. Dit was in veral twee opsigte die geval, naamlik die filantropiese beweging en die ontwikkeling van die demokratiese denke by die Afrikaner.

Die Britse sendelinge wat in die vorige eeu so teen die Afrikaners gefulmineer het oor hul behandeling van die slawe – soms tereg, soms nie – was sterk onder die invloed van een van die Franse filosowe wat gehelp het om die klimaat vir die Revolusie te vestig, Jean-Jacques Rousseau. Rousseau was 'n mean wat naïef gemeen het dat die mens in sy natuurlike staat goed, eerlik en onbedorwe is. Dit is die beskawing wat hom bederf, en dus het hy die konsep van die "edele barbaar" geskep.

Maar ofskoon Rousseau se "edele barbaar" net 'n teoretiese idee was, het sommige Britse filantrope aan die Kaap – mense soos John Barrow en dr. John Philip – werklik gemeen dat dit op die Khoikhoi en die swartes van toepassing was.


Wel, mede deur hul bemoeiing is slawerny gelukkig afgeskaf, maar in die proses het hulle nie juis bygedra tot 'n meer verligte houding van die Afrikaner oor rassebetrekkinge nie. Hulle het die saak eerder verder beduiwel.

Wat ook al die geval was, die Amerikaanse en die Franse Revolusie, wat albei in dieselfde intellektuele dampkring plaasgevind het, is destyds met groot belangstelling aan die Kaap gevolg. Die eerste neerslag hiervan is te vinde in die geskrifte van die Kaapse Patriotte (van 1779 af) en weer in die opstande in Swellendam en Graaff-Reinet.

Tydens die Groot Trek en die era van die Boererepublieke was die invloed van die Verligting en die Europese revolusionêre ideë duidelik merkbaar onder die Afrikaners. Reeds die Voortrekkerleier, Petrus Lafras Uys, het aan die vooraand van sy vertrek na die binneland gesê hy en sy mense is voornemens om hul nuwe staat "te vestigen op dezelfde principes van vrijheid als die aangenomen door die Vereenigde Staten van Amerika".

Ook Gerrit Maritz het op 'n keer geskryf van die "Christelyke grondbeginselen oor ware burgerlyke vryheid, gelykheid en broederschap". Dat hy laasgenoemde drie begrippe, wat aan die Franse Revolusie ontleen is, as Christelike beginsels beskryf, bewys egter dat die Afrikaners nie altyd mooi geweet het waaroor alles gaan nie. Die Revolusie is filosofies immers heftig deur die Rooms-Katolieke Kerk sowel as die Calvinisme beveg.

Al die verskillende Voortrekker-grondwette, dié van 1836,



*Die val van die Bastille – 14 Julie 1789.*

1837, 1839, en dié van die Vrystaat en Transvaal, is regstreeks beïnvloed deur die demokratiese ideë van die Verligting. Trouens, op 'n tydstip toe algemene stemreg – sy dit alleen vir blanke mans – in Europa nog 'n omstrede saak was, was dit vir die Afrikaner iets vanselfsprekends. In die Vrystaatse grondwet was daar ook 'n akte van menseregte ingebou.

Dalk sal sommige Doppers my hieroor wil slag, maar selfs pres. Paul Kruger was in sekere sin 'n kind van die Franse Revolusie. 'n Tipiese uitspraak wat sy politieke filosofie illustreer, is dié een uit 1897: "Het volk is koning van deze onafhankelijke Republiek en heeft de souvereine macht in zijn handen."

Nou was dit juis dié volksoewereiniteit wat die groot twispunt tussen die aanhangers van die Revolusie en die Calvinisme sou word. Neo-Calvinistiese teoloë soos die Nederlanders Groen van Prinsterer en dr. Abraham Kuyper het gemeen net God kan soewerein wees, en om die volk soewerein te verklaar, beteken dat God van sy troon verdryf en deur die volk vervang word.

In hul praktiese staatkunde kon die neo-Calviniste egter nooit aandui hoe 'n mens die soewereiniteit van God in 'n grondwet gestalte gee nie; selfs toe Kuyper premier was, het hy niks gedoen om die soewereiniteit van die Nederlandse volk aan te tas nie.

In Suid-Afrika was die politieke invloed van die neo-Calviniste klein. Die twee bekendste eksponente daarvan was ds. S.J. du Toit en sy seun Totius, en hul invloed was hoofsaaklik tot die betreklik klein Gereformeerde Kerk beperk.

Interessant genoeg, ook in die Kaapkolonie van die vorige eeu, het die Afrikaners die erfenis van die Franse Revolusie verwerp. Hulle het hulself eerder gesien as aristokrate, min of meer op die model van die suidelike VSA.

Tog het hulle nie sóveel anders as hul noordelike volksgenote gedink nie; dit was net dat die gekleurde stemreg in die Kaap 'n twispunt was en nie in die noorde nie. Hulle het almal saamgestem dat die soewereiniteit by die kieserskorps – dit wil sê blanke mans – moes lê.

In die twintigste eeu het die druk op die Afrikaner aansienlik toegeneem en moes hy veg vir sy basiese oorlewing as volk. In dié omstandighede het baie van die demokratiese denkbeelde van vroeër in die stof gebyt en is veral die oppergesag van die reg al hoe meer uitgehol.

Tog bly die Afrikaner in wese ook vandag nog diep beïnvloed deur die demokrasie en die ideë van die Franse Revolusie. Die uitdaging waarvoor hy vandag staan, is om sy verbintenis tot demokrasie vir blankes te verbreed sodat dit alle bevolkingsgroepe insluit.

Daarvoor is die een mens, een stem-konsep van die Revolusie egter nie meer geldig nie. Hoe dit dan wel moet gebeur, is die dilemma waarvoor die moderne Afrikaner – en saam met hom alle Suid-Afrikaners – staan.

• Met dank aan *Rapport*.